SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 29 NOVEMBER 2020

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio en teks Bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za. Om by die bulletin e-poslys aan te sluit , stuur 'n e-pos na die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

SLUIT AAN BY DIE SARL TEEN DIE HALFJAAR TARIEF

IARU STREEK 1 - DESEMBER 2020 YOTA MAAND

en

DIE DUITSE REGERING ERKEN BELANGRIKHEID VAN ELEKTRO-MAGNETIESE VERSOENBAARHEID

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Ons begin hierdie bulletin met die nuus van twee stil sleutels.

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Donald Milner, ZS6AQS still geword het op Donderdag 26 November 2020 na long kanker. Donald het sy oorlede oom (Dr Vic Turnbull) se roepsein gevat. Hy was aktief op die 10-10 groep in die 1980's. Ons innige meegevoel met sy familie en vriende.

Dit is met leedwese dat ons aankondig dat die sleutel van Feruccio Ferucci, ZS1Z op Saterdag 28 November stil geraak het na 'n massiewe hartaanval. Aan Feruccio se familie ons innige simpatie.

POUSE

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

SLUIT AAN BY DIE SARL TEEN DIE HALFJAAR TARIEF

Sluit vandag aan by die SARL en betaal die halfjaar tarief. Die Raad het besluit om die halfjaar tarief in te stel vanaf Maandag 30 November 2020. Gewone lede betaal R250, senior lede betaal R150, eggenote lede betaal R90 en studente lede betaal R60. Voltooi die aanlyn-lidmaatskap aansoekvorm op www.sarl.org.za/public/membership/join.asp en doen 'n EFT in die SARL-bankrekening met jou roepsein as verwysing.

SARL QSL BURO

Die QSL Buro wil graag onder SARL lede in Afdeling 6 se aandag bring dat hulle welkom is om hul QSL kaarte by die Nasionale Amateur Radio Sentrum by Radiokop te kom afhaal. Hierdie reëling sal verseker dat die kaarte nie in die pos verlore raak nie. Indien jy van die reëling gebruik wil maak, stuur vir Willem, ZS6X 'n epos na zs6wwj@gmail.com. Hy sal jou dan in kennis stel van die getal QSL kaarte vir jou by die buro en dan die nodige reëlings tref vir die afhaal daarvan. Indien jy die 2021 Wesrand Snuffel markte bywoon kan jy vir Willem laat weet en dan die kaartjies by die snuffel mark kry.

DIE DESEMBER RAE

Die Desember Radio Amateur Eksamen word op Saterdag 5 Desember 2020 by verskillende eksamensentrums regoor die land geskryf. Die SARL Raad en die Nuus-span wens alle kandidate sterkte toe met die eksamen.

IARU STREEK 1 - DESEMBER 2020 YOTA MAAND

Desember is YOTA-maand wanneer verskeie jongmense van Lidverenigings aktief sal word met YOTA as agtervoegsel in die roepseine. Van Dinsdag 1 Desember tot Donderdag 31 Desember 2020 sal internasionale YOTA-stasies, wat deur jong amateurs in hul tienerjare en vroeë twintigs bedryf word, probeer om wêreldwyd baie kontakte met mekaar te maak. Hierdie geleentheid is gerig op ons jong generasie en is 'n uitstekende geleentheid vir klubs om jongmense op die lug te kry wat belangstel in of meer wil leer oor Amateur Radio.

Dit is nie 'n formele kompetisie nie, maar 'n manier om ons huidige jong amateurs op die lug te laat kontak met honderde ander jongmense regoor die wêreld. Die SARL het 'n spesiale roepsein ZS9YOTA op die IARU Streek 1-webwerf geregistreer as 'n opvoedkundige roepsein vir gebruik deur klubs en individue gedurende Desember. Alle radioamateurs is welkom om 'n QSO saam met die jongmense te geniet. Let daarop dat sommige van hulle nuut is vir die radiostokperdjie, terwyl ander meer ervare is.

Jy kan Noel, ZR6DX per e-pos kontak by zr6dx@iafrica.com of alternatief vir Nico, ZS6QL by zs6ql@mweb.co.zaom vir 'n daaglikse basis 'n slot te gebruik om die ZS9YOTA-roepsein te gebruik. Die skedule en toepaslike reëls sal binnekort op die SARL-webwerf beskikbaar wees. Ons sien daarna uit om ons jonger generasie gedurende Desember op die lug te hoor!

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

KOMPETISIE NUUS

Die sesde been van die SARL 95 40 m Klub Naelloop is op die lug van 12:00 tot 13:00 UTC op Saterdag 5 Desember met GG en foon aktiwiteit. Die uitruiling is 'n RS- of RST-verslag en jou vier syfer ruitblok. Jy verdien 2 punte per QSO en 2 punte vir elke nuwe ruitblok gewerk. Stuur jou logstaat na zs4bfn@mweb.co.za teen 23:59 SAT op Saterdag 12 Desember 2020.

Daar is sonvlekke sigbaar en verslae oor die opening van die bande. Op Saterdag 12 en Sondag 13 Desember kan jy deelneem aan die ARRL 10 m-kompetisie

met GG en foon aktiwiteit. Alle stasies stuur 'n sein verslag. W/VE/XE-stasies (Alaska en Hawaii ingesluit) stuur hul staat of provinsie. DX-stasies stuur 'n reeksnommer. Maritieme mobiele stasies stuur ITU-streek (1-3). Laai jou logstaat op by http://contest-log-submission.arrl.org/ nie later nie as 23:59 UTC op Sondag 20 Desember 2020. Besoek http://www.arrl.org/10-meter vir die reëls.

Twee en sestig logstate, wat 932 QSOs weerspieël, is ontvang vir die sesde been van die Woensdag 80 m Klub Naelloop wat op 18 November 2020 gehou is.

1ste Wesrand ARK - 1 446 punte (32 logstate)

2de die Boland ARK - 1 072 punte (21 logstate)

3de die Bo-Karoo ARK - 72 punte (1 logstaat)

4de die Hibiskus ARK - 66 punte (2 logstate)

Na die 6 bene

1ste Wes-Randse LNR - 5 917 punte

2de die Boland ARK - 4 964 punte

3de die Bo-Karoo LNR - 1 878 punte

4de die Hibiskus ARK - 717 punte

Die volledige uitslae is in HF Happenings 926 gepubliseer.

DIE DUITSE REGERING ERKEN BELANGRIKHEID VAN ELEKTRO-MAGNETIESE VERSOENBAARHEID

DARC berig dat die Duitse Federale Regering die belangrikheid van elektromagnetiese versoenbaarheid (EMC) in die ontwikkeling van mikro-elektronika erken. 'n Vertaling van die Duitese amateur radio vereniging (DARC) boodskap lui,

'In 'n huidige inligtingsessie verduidelik die Federale Regering sy toekomstige doelstellings in die konteks van die ontwikkeling van mikro-elektronika en die beskikbaarstelling daarvan op die Mark. Dit is veral interessant dat daar ook aandag gegee word aan die aspekte wat verband hou met EMC en veiligheid. Die Federale Regering se raamwerkprogram vir navorsing en innovasie 2021 tot 2024, Mikro-elektronika - betroubaar en volhoubaar - vir Duitsland en Europa, is op 24 November gepubliseer as Federale Druk 19/24557.

Op bladsy 13 staan daar letterlik, "Elektromagnetiese verenigbaarheid (EMC) spesifiek vir hoëfrekwensie-elektronika, dui op die vermoë om 'n tegniese toestel of 'n individuele stroombaan te ontwikkel sodat ander stroombane in dieselfde toestel en ander toestelle nie beïnvloed word deur ongewenste elektriese of elektromagnetiese Die ongewenste wederkerige beïnvloeding van elektroniese stelsels is nie net 'n kwessie van tegnologie en reg nie, maar ook van veiligheid."

Agtergrond: Die inligting wat aan die Federale Regering gegee word, is van besondere belang teen die agtergrond van die vervaardiging van elektronika in

Duitsland en die EMC-aspekte daarvan. Die Ronde Tafel vir Amateur Radio (RTA) en sy Lidverenigings vra al lank dat die situasie in elektromagnetiese versoenbaarheid verbeter moet word in hul voortdurende publikasies en eise. Nou wys die federale regering ook daarop dat die "... groeiende belangrikheid van elektronika ... groot uitdagings ..." ontstaan. Dit word verder gesê: 'Op die gebied van mikro-elektronika en elektroniese stelsels is Duitsland en Europa intensief betrokke by wêreldwye waardekettings en vennootskappe ...' ... 'En ons moet in staat wees om buigsaam te reageer op uitdagings deur ons eie, ekonomiese mikro-elektroniese produksie in Duitsland en Europa om in die wêreldwye voorsieningskettings te reageer. '

Dit is ook belangrik dat die federale regering vanweë die huidige situasie baie belang daaraan heg om 'n eie produksiefasiliteit in Duitsland te hê. Uiteindelik vind u op bladsy 9 en 13 van die Bundestag-gedrukte papier die inligting en vereistes rakende elektromagnetiese versoenbaarheid. In hierdie konteks is dit te verwelkom dat die veiligheidsaspek nou ook belangrik word vir die politiek. Die enigste kritiek vanuit ons oogpunt is dat die elektromagnetiese verenigbaarheid en daarmee saam die veilige kommunikasie nie net van die amateur radio nie, maar ook van die veiligheids relevante radiodienste van reddingsvoertuie, polisie, brandweer, THW, Bundeswehr, Deutsche Bahn, pad-onderhouddiens en baie ander is afhanklik van steuringsvrye kommunikasie.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag tot gematig gaan wees. Tans is daar drie sonvlekke met eenvoudige magnetiese samestellings sigbaar. Daar word geringe C-klas sonfakkels verwag. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van nege-en-dertig vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral gedurende die oggend en laat middag goeie DX openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag – die CQ WW DX GG Kompetisie

1 Desember – die begin van die YOTA Maand

5 Desember – die RAE, die SARL 95 40 m Klub Naelloop en die Boland ARK AJV

12 en 13 Desember – die ARRL 10 m Kompetisie

16 Desember – Dag van Versoening

19 Desember – die SARL Newbie QSO Partytjie

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Sluit vandag aan by die SARL en betaal die halfjaar tarief. Die Raad het besluit om die halfjaar tarief in te stel vanaf Maandag 30 November 2020. Voltooi die

aanlyn-lidmaatskap aansoekvorm op www.sarl.org.za/public/membership/join.asp en doen 'n EFT in die SARL-bankrekening met jou roepsein as verwysing.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas. Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saam gestel deur Andy Cairns, ZS6ADY, geredigeer deur Vivian Dold, ZS6VD en gelees deur .....

Van die nuus span, die beste wense vir die week vorentoe.